Griet Griet

Augustus 2017
Volume 26

epos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

The volgende GrietGriet sal in November 2017 gepubliseer word.

GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer the English version.

Vloersport, Huisweek 2017

Mnr Magrietjie beoordeelaars

Pretoria kunsmuseum besoek

HUISWEEK 2017

Huisweek mag vir sommiges die beste herinnering wees, terwyl ander dalk deur die akademie besig gehou is. Dit maak nie juis saak watter een van die bogenoemdes jy is nie, huisweek is beslis die week waarin jy die sterkste bande met jou mede-sussies vorm.

Ons het die week afgeskop met Magrietjie se jaarlikse 'Bierpong' toernooi. Almal het by Arcade Empire opgedaag met een doel voor oë - om as hierdie jaar se wenners gekroon te word. Balletjies het gevlieg soos daar gemik is na die teikens. Die Spikkels het almal verras deur hulle staal te wys en as wenners uit die stryd te tree. Na die toernooi het die meisies die musiek geniet en hulle danspassies op die dansvloer ten toon gestel.

Dinsdag het ietwat stadig vir sommige van ons begin. Tog het ons almal weereens saamgedrom om ons vloere te verteenwoordig met vloersport. Die eerste uitdunrondte was 'n sakresies. Dit het die volgorde van ons aktiwiteite bepaal. Elke vloer het 'n spesifieke aktiwiteit gehad, en om te wen moes die hele vloer al die aktiwiteite binne 'n rekordtyd voltooi. Sekere aktiwiteite het ingesluit 'flip the cup' en 'brandbal'. Vloer 4 het uiteindelik as wenners met die louere weggestap.

Volgende op ons agenda was die aantreklike finaliste vir die Mnr Magrietjie kompetisie. Die manne van kampus het hulle elke rondte moes hulle met ander uitrustings paradeer. Eerstens was dit formele drag, gevolg deur enige iets pien,k en laastens moes hulle volgens die tema "Into the jungle" aantrek. Die wenner van hierdie jaar se Mnr Magrietjie kompetisie, Phumelela Malinga, kom sowaar van Kollege af.

Vir 'n rustiger uitstappie, het ons Donderdag tyd by die Pretoria Kunsmuseum spandeer. Omring deur van die mooiste kunswerke in Suid-Afrika, naas ons Magrietjie dames natuurlik, kon ons afskakel en herstel na 'n besige drie dae. Ons is op 'n begeleide toer deur die museum geneem waar ons meer geleer het van Suid-Afrika se geskiedenis deur kuns.

Soos altyd, is Vrydae veronderstel om "freaky" te wees en dus was "Klubhuis-kruip" op Vrydag se spyskaart. Ons moes binne 80 minute by elke manskoshuis 'n draai maak om burger by "Uncle Faouzi's" en 'n baie patriotiese huppel terug koshuis toe.

Saterdag het die einde van Huisweek aangedui, maar by Magrietjie word elke gebeurtenis op 'n hoogtepunt afgesluit. Ons het op die gras voor die koshuis uitgespan en as 'n koshuis saam gebraai. Daarna het ons ons weg gevind na Springbok om ons name in die geskiedenisboeke te skryf vir al die Magrietjies om te onthou.

WAARHEEN IN 2018?

Met groot opgewondenheid stap menigte voornemende studente aan die Universiteit van Pretoria deur die groot hekke by die ingang van hierdie instelling. Anders as vorige jare, was koshuise nie hierdie jaar oop vir besigtiging nie. As alternatief, is daar videos van elke koshuis gemaak wat by 'n stalletjie op kampus vertoon is. So kon voornemende studente op een plek, 'n gevoel van alle koshuise kry. Elke koshuis het ook hulle eie stalletjie op kampus gehad waar die verskillende koshuise, tesame met hulle HKs, studente vir hul koshuise kon werf. HK-lede was reeds vanaf vroegoggend gereed om elke nuwe student met 'n glimlag te groet en te oortuig dat die pienk koshuis, MAGRIETJIE, die mooiste, beste en lekkerste koshuiservaring aan hulle sal bied. Magrietjies het die geleentheid gebruik om elke belangstellende bewus te maak van ons spesiale huppel-tradisie. Die dag was 'n groot sukses en ons sien uit om die nuwe voornemende Spikkels met ope arms in 2018 te verwelkom!
MY ALLES, VIR ALTYD, VIR MAGRIETJIE!

Foto: Ouers en voornemende studente op kampus by die toespraak van die rektor.

"INFORMAL" KITSKOS

Magrietjie is bekend vir die beste "informals" en hierdie jaar het ons beslis nie teleurgestel nie. Die tema het iets behels waaroor ons almal mal is - kitskos. Vir 'n aand is die eetsaal omskep in 'n kitskos paradys en die spyskaart het ons gaste laat toustaan vir meer. Geen wegneem-ete tema is uitgelaat in die soektog na die mees kreatiewe uitrusting nie. Ons het 'n hele paar interessante uitrustings gesien. 'n Starbucks barista, Boeboe van Vetkoek Paleis en 'n paar van jou gunsteling lekkernye het ook kom gesigwys - oliebolle, koekies en nog vele meer. 'n Paar dames het die woordeboek gaan raadpleeg vir idees. Ja, ons het inderdaad 'vinnige' kos gesien - 'n maaltyd wat letterlik uitgevat was in die regte uitrusting om die Olimpiese Spele by te woon. 'Vetsug' het ook 'n draai kom maak om seker te maak ons hou "matigheid voor oë". Die uitrustings was wel die kersie op die koek, maar niemand sal vergeet van die ander heerlike disse waaraan daar gesmul is nie.
Die Magrietjies het die aand omgedans en lekkernye geniet wat net so smaaklik was soos wat hulle uitrustings gelyk het. Die aand was 'n reuse sukses. Almal sal eenparig saamstem dat dit 'n aand was om te onthou. Weereens wys dit net dat Magrietjies weet hoe om enige aand overgeetlik te maak.

DEBATSPANNE PRESTEER

Op die 21ste April het Magrietjie aan die jaarlikse debat-toernooi deelgeneem wat deur STUKU aangebied is. Magrietjie het hul staal gewys teen van die beste koshuise wat debat aanbetref, naamlik Sonop, Olympus en Jasmyn. Ons spanne is uitgedaag met 'n verskeidenheid van temas, waaronder 'Die Huis glo dat die regering die reg het om inligting van sy burgers te weerhou indien die wêreld tot 'n einde sou kom' en 'Die Huis ondersteun die "Men are Trash"-beweging'.
Albei ons spanne het hulle alles gegee in elke ronde. Na 'n naelbyt debat tussen Magrietjie en Jasmyn, het Magrietjie met een punt verloor. Jasmyn het gevorder tot by die finaal waar hulle teen Olympus te staan gekom het. In die einde het Olympus as oorwinnaar uit die stryd getree. Die tema vir die finaal was 'Hierdie Huis glo dat die Wet die regering die mag moet gee om in te tree wanneer 'n individu selfmoord wil pleeg.'
Twee van ons Magrietjies, Tanna Brownlee en Kopano Bookholane, is aangewys as die beste sprekers in hulle afsonderlike spanne. Magrietjie het weereens gewys dat hulle hulle weg ken met woorde.

Geskryf deur Carli Botha

Het jy geweet?

Sedert die bestaan van Huis Magrietjie in 1982, is die "Huppel" steeds 'n tradisie in Magrietjie. Die Huppel word jaarliks aan die nuwe Spikkels geleer en is die eerste stap na hul weg om 'n ware Magrietjie dame te word. Dit is nie net 'n prettige aksie wat koppe laat draai en Magrietjie die naam op almal se lippe te maak nie, maar ook 'n okkasie van spanbou onder die Magrietjie dames. Die kenmerkende Huppel skep en verwelkom diversiteit deurdat dit drietalig is, bestaande uit, Afrikaans, Engels en Sepedi. Die Huppel is 'n goeie verteenwoordiger vir die vrolikheid, lewensvreugde en ambisie wat deur Magrietjie dames se are bruis. Lank lewe die Huppel! #MAVAVM.

Geskryf deur Jeanette Auret

Die weergawe van die GrietGriet was deur Dawn Barendse die redaktrise saamgestel.

Sluit asseblief by Magrietjie Alumni groep op Facebook aan https://www.facebook.com/groups/7131942833/ en volg ons op Twitter & Instagram @MagrietjieRES & @instagrietjie

As u enige nuus met ons wil deel, kontak ons op magrietjie@up.ac.za

SERRIE CLEOPATRAS

Magrietjie se trots is sonder twyfel ons jaarlikse serrie optredes. Hierdie jaar het ons beslis nie teleurgestel nie. Die tema vir 2017 was 'Egiptiese weermag' en die dames was uitgevat vir 'n wen. Met kragtige liedjies en uitstekende choreografie, was Magrietjie gereed om die oorlogsone te domineer. Ons toegewyde Kultuur Ekstern HK en choreograaf, Danielle van Wyk, het maande bestee om elke beweging en gesigsuitdrukking af te rond. Volgens haar kon die sukses van die optredes toegeken word aan goeie energie en baie toewyding. Met ons Egiptiese pruike en wit-en-goud uitrustings, was die gees van Cleopatras sigbaar op die verhoog. Die Magrietjie orkes het beslis ook hulle kant gebring. Ons talentvolle orkesbestuurder en Serenade HK, Chrizané Venter, het seker gemaak dat die musiek die atmosfeer skep van 'n werklike oorlogsone, en ons meisies was gereed om enige iets aan te pak. Hierdie jaar het ons 'n verskeidenheid van instrumente gehad wat die tema lewe gegee het. Ons was slaggereed vir die finaal, maar ongelukkig het alles nie volgens plan verloop nie. Nadat foto's van onvanpaste plakkate wat by die optredes by sommige koshuise gewys is op sosiale media verskyn het, het die Universiteit in oorleg met die studenteleiers, die finaal gekanselleer. Die besluit het die boodskap duidelik oorgedra - geen onvanpaste gedrag sal geduld word nie. Hulle streef daarna om die Universiteit van Pretoria 'n veilige omgewing te maak vir alle studente. Ten spyte van hierdie besluit het Magrietjie steeds die beste van die ervaring gemaak. Ons het die besluit geneem om 2017 as 'n opwarming te beskou vir 2018, waar ons sal terug sal wees om die trofee huistoe te bring.

SERENADE... Nee, UP A Capella

Die Studente-Kultuurkomitee (Stuku) het besluit om die naam van Serenade na *UP A Capella* te verander. Hierdie besluit het gekom na 'n naamsverandering deur die Hoofbestuur van die Universiteit voorgestel is. *UP A Capella* is 'n jaarlikse musiekaktiwiteit vir koshuise. Magrietjie se *UP A Capella* groep het bestaan uit 20 dames (of sal ons eerder sê nagtegale). Die tema van Magrietjie se *UP A Capella* was 'vroue wetenskaplikes' en hier is die rol van vroue in die ontwikkeling van die wetenskap gedeel. Die gehoor is vermaak met, onder andere, 'n 'superwoman' keurspel wat liedjies ingesluit het van kunstenaars soos Coldplay (The Scientist) Alicia Keys (Superwoman) en Sia (Chandelier). Serenade HK, Chrizané Venter, en afrigter, Juan Muller, het uitstekende werk gedoen om te verseker dat Magrietjie die semi-finaal gehaal het. Wel gedaan dames!!!